education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL
## VRAESTEL 2
## SEPTEMBER 2010

VRYSTAAT DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

Punte: 70
Tyd: 2½ uur

(Hierdie vraestel is deur Vakadviseurs en Afrikaans-onderwysers van die Vrystaat opgestel.)

Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees dan daarna hierdie vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   - AFDELING A: Gedigte (30)
   - AFDELING B: Roman (25)
   - AFDELING C: Drama (25)
   -

4. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.

5. Beantwoord **VYF VRAE** in totaal: DRIE uit Afdeling A, EEN uit Afdeling B en EEN uit Afdeling C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

6. Nommer die antwoorde presies soos in die vraestel.

7. Beantwoord elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

8. Voorgestelde tydsindeling

   AFDELING A: ongeveer 40 minute

   AFDELING B: ongeveer 55 minute

   AFDELING C: ongeveer 55 minute

9. Skryf netjies en leesbaar

**INHOUDSOPGAWE**

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: GEDIGTE** | | |
| **Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae:** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** |
| 1 Man met flits | Opstelvraag | 10 punte |
| | **OF** | |
| 2 Voor 'n onbekende môre | Kontekstuele vraag | 10 punte |
| | **OF** | |
| 3 Die straatkind | Kontekstuele vraag | 10 punte |
| | **OF** | |
| 4 Naskrif: 'n Credo | Kontekstuele vraag | 10 punte |
| | **EN** | |
| **Ongesiene gedig: Beantwoord ENIGE EEN vraag.** | | |
| 5 XLIII jy is 'n mens 'n verweerde mens | Opstelvraag | 10 punte |
| | **uit OF** | |
| 6 XLIII jy is 'n mens 'n verweerde mens | Kontekstuele vraag | 10 punte |
| **AFDELING B: ROMAN** | | |
| **Beantwoord EEN vraag uit die volgende:** | | |
| 7 Die kwart-voor-sewe-lelie | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 8 Die kwart-voor-sewe-lelie | Kontekstuele vraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 9 Manaka Plek van die horings | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 10 Manaka Plek van die horings | Kontekstuele vraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 11 Vatmaar | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 12 Vatmaar | Kontekstuele vraag | 25 punte |
| **AFDELING C: DRAMA** | | |
| **Beantwoord EEN vraag uit die volgende:** | | |
| 13 Krismis van Map Jacobs | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 14 Krismis van Map Jacobs | Kontekstuele vraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 15 Mis | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 16 Mis | Kontekstuele vraag | 25 punte |

LET WEL: Beantwoord **EEN OPSTELVRAAG** en **EEN KONTEKSTUELE VRAAG** uit AFDELING B en C.

KONTROLELYS

| **AFDELING** | **VRAAG-NOMMER** | **GETAL VRAE WAT BEANTWOORD MOET WORD.** | **MERK ✓** |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe Gedigte) | 1-4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene Gedig) | 5-6 | 1 | |
| B: Roman (Opstel- of kontekstuele vraag) | 7-12 | 1 | |
| C: Drama (Opstel- of kontekstuele vraag) | 13-16 | 1 | |
| **LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit Afdeling B en C.** | | | |

**AFDELING A: GEDIGTE**

**VOORGESKREWE GEDIGTE**

**Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

**VRAAG 1: OPSTELVRAAG**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Man met flits – DJ Opperman**

In die klein wit kol
van my wete stol

bruin en skerp 'n klip
soos ’n bok wat skrik,

staan, vinnig weghol
uit die klein wit kol.

Aan 'n takkie hang
twee ogies wat bang

uit die klein wit skyn
van my flits verdwyn.

Oor waters wat glip
soek ek klip na klip

maar 'n duister land
bedreig my alkant.

[Uit: *Versjoernaal*]

Bostaande gedig is ‘n voorbeeld van ‘n laaggedig wat op ‘n konkrete sowel as ‘n abstrakte vlak tot ‘n leser spreek.

Skryf ’n goedgestruktureerde opstel van ongeveer 250 – 300 woorde oor die ABSTRAKTE VLAK waarop die gedig verstaan kan word deur na die volgende te verwys:

- die abstrakte betekenisvlak of interpretasie van die titel
- hoe die gebruik van metafore die abstrakte betekenisvlak van die gedig ondersteun
- hoe progressie op die abstrakte vlak bereik word **[10]**

OF

## VRAAG 2

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Voor 'n onbekende môre** **Mathews Phosa**
*Boys and girls are back*

Wees beskeie in julle oorwinning:
dit is julle kans
om te maak of te breek.

Kies julle kant:
jy kan nie alles wees
vir vis én vark nie.

Groei saam in die gees,
help droom 'n visie.
Swoeg is die toekomssaad.

En julle wat julself leiers noem,
maak toe julle monde
en open julle oë en ore.

Voorwaarts -
sonder vrees of valsheid!

[Uit: *Deur die oog van 'n naald*]

2.1 Wie is die "boys and girls" wat in hierdie gedig aangespreek word? (1)

2.2 Pla dit enigsins dat die subtitel in Engels geskryf is? Motiveer jou antwoord. (1)

2.3 Voltooi die volgende stelling deur EEN van die keuses in die oop spasie in te vul.

Indien die aangesprokenes "vark" (reël 6) kies, sal hulle aan die kant van ... staan.

A politici
B pessimiste
C positiewe leiers
D oorlog (1)

2.4 Hoe kry die verteller dit reg om die leser te laat voel dat hy direk aangespreek word? . (1)

2.5 Wat probeer die verteller met die alliterasie in strofe 2 bereik? (1)

2.6 Watter ondersteunende funksie verrig die lang vokale in strofe 3? . (1)

2.7 Die slotstrofe word bo die ander strofes uitgehef of beklemtoon. Motiveer hierdie stelling deur:

2.7.1 die strofebou te benoem. (1)
2.7.2 die rede vir hierdie uitheffing te verklaar. (2)

2.8. As ‘n graad 12-leerder staan jy ook op hierdie stadium voor ‘n onbekende toekoms. Wat is jou doelwitte of drome vir jou toekoms? (1)
**[10]**

OF

**VRAAG 3**

**die straatkind – Linda Roos**

ek wou verbymik met die selfbewuste ongeërgde blik
wat ons vir bedelaars en pendelaars en hoere reserveer –

verby die kind wat eenkant om die vullisdromme snuif
wat sy skraal skouers gereed dra so as spiese
of ’n heining: maar agter dié heining
het sy vuil hemp skielik opgekrimp soos ’n ou roof
en ’n toegepleisterde wêreld
op die sypaadjie laat bloei
waar bome onder die skril bevel van sae steun
konyne spartel in steriele laboratoriums
en lammers teen die slagterslem

en daar was wysheid in die lug
(nes dié ander dag uit wolke)
maar so as van ou mans met klam monde op parkbankies
en kras soos kraaie

toe ek wegdraai was daar 'n geruis in my ore
en onverklaarbaar teen my wang die bloedveeg
van 'n vlerk

[Uit*: 'n Hokvol dwase* 1986]

3.1 Waarom is die titel is alles in kleinletters geskryf? (1)

3.2 Hoekom hou die verteller haarself "ongeërg"? (1)

3.3 Wat impliseer die straatkind se skouers wat soos spiese lyk? (1)

3.4 Waarom dink jy word die drie groepe mense in versreël 2 saamgevoeg? (1)

3.5 Die begrip "toegepleisterde wêreld" (reël 7) het 'n dubbelbetekenis. Watter EEN van die volgende vorm NIE deel van hierdie dubbelbetekenis nie? Skryf slegs die korrekte letter neer, bv. A of C.

A die samelewing is nie perfek nie
B mense ly daagliks as gevolg van ander se onbetrokkenheid
C rantfigure is verantwoordelik vir hulle eie isolasie in die samelewing
D mense steek graag op skynheilige wyse hulle onbetrokkenheid weg (1)

3.6 Noem enige TWEE eienskappe van 'n vrye vers wat in die gedig se struktuur voorkom. (2)

3.7 Benoem die beeldspraak in reël 9. (1)

3.8 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord met 'n bewys uit die gedig.

Die insig wat die verteller verkry, gaan met positiewe emosies gepaard. (1)

3.9 Jy het seker al straatkinders in jou omgewing opgemerk. Wat, dink jy, het hierdie kinders gedwing om so te leef? (1)
**[10]**

OF

## VRAAG 4

**NASKRIF: 'N CREDO – Lina Spies**

Ek wil nog hê dat my verse "mooi" moet wees,
mooi soos *Blou see van denne teen die hang*
en *My nooi is in 'n nartjie,*
soos Robert Frost en Emily Dickinson:
*The woods are lovely, dark and deep* en
*Heart, we will forget him!*
*You and I, tonight!*

Ek wil hê dat "gewone" mense my poësie moet lees
en tog, ek hou nie van gewone mense nie:
van vrouens wat net babas kry
en mans wat saans 'n bier drink in die kroeg.

Ek hou van iemand wat oor dertig jaar
'n roomys in die straat sal lek,
van 'n ongelowige wat sê soos by gebed:
"Johnn McCormack sing soos Mozart se musiek"
terwyl dit buite reën
en 'n amandelboom spierwit in die vaalte staan.

Ek hou van jou wat sal kan sien
die liewe vrou, oud en gerimpeld,
lyk presies nes 'n parkiet.

Ek wil hê dat jy van my gedigte hou,
jy wat ongewoon en anders is
en tog gelukkig geen kenner van rym en metrum nie

[Uit: *Digby Vergenoeg* 1971]

4.1 Waarom is die woord "mooi" tussen aanhalingstekens geskryf? (1)

4.2 Wat beteken "credo" binne die konteks van die gedig? (1)

4.3 Stem jy saam met die volgende stelling:

Die persoon van wie die verteller hou, moenie 'n kenner wees nie, maar hy moet van die eenvoudige en die mooi dinge in die lewe hou? Motiveer jou antwoord. (1)

4.4 Waarom word “gewone” in reël 8 tussen aanhalingstekens geplaas? . (1)

4.5 "Gewoon" en "ongewoon" kontrasteer deurlopend in die gedig. In watter opsig is die "jy" van die slotstrofe "ongewoon"? (1)

4.6 Een van die volgende is ‘n eienskap wat jy pas by “iemand oor dertig jaar” wat “’n roomys in die straat (sal) lek” nie.

Kies die korrekte antwoord uit die volgende en skryf net die korrekte letter neer, bv. B of C.

A ongekunsteldheid
B opregtheid
C eenvoud
D onverantwoordelikheid
E pretensieloosheid (1)

4.7 Dui ‘n kontras in reël 17 aan. Skryf slegs die TWEE woorde neer wat die kontras vorm. (1)

4.8 Waarom hou die verteller van die aangesprokene indien jy reëls 18 tot 20 in aanmerking neem? (1)

4.9 Watter rol speel intertekste in hierdie gedig? (1)

4.10 Die verteller gee haar mooi gedigte aan iemand spesiaal as ‘n geskenk. Wat sal jou geskenk aan iemand spesiaal wees? Sê hoekom jou geskenk vir daardie persoon speisaal sal wees. (1)

**[10]**

EN

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

**Beantwoord VRAAG 5 OF VRAAG 6.**

## VRAAG 5: OPSTELVRAAG

**XLIII jy is ’n mens 'n verweerde mens – Johan van Wyk**

jy is ’n mens 'n verweerde mens
die wind van armoede waai teen jou keel
jou oë is geel agter jou bril onmens
jou hande is knopperig jou hare is vetterige kwasstrepe

jy is 'n mens soos alle mense
jou probleme is hulle probleme;
armoede werkloosheid eensaamheid
jy is 'n mens 'n verweerde mens

dubbelsinnigste mens geskelde skellende mens
ek-mens geskape mens mens gesmyt
in hoek van verwyt

staan op lamsak
staan op speroë staan op hand
in die Groot hand, tel op die sak. jy.

[Uit*: Deur die oog van die luiperd*]

Skryf ’n opstel van ongeveer 250-300 woorde oor die bostaande gedig deur aan die volgende aandag te gee:

- waarom hierdie gedig as ‘n sonnet geklassifiseer kan word
- hoe strofes 1 tot 3 telkens na ‘n ander aspek van die mens se bestaan verwys
- die redes in strofe 4 waarom die mens volgens reëls 10 en 11 eenkant in ‘n hoek gesmyt is
- die wyse waarop die digter daarin slaag om die slot van die gedig weer by die begin te laat aansluit. **[10]**

OF

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

**XLIII jy is ’n mens 'n verweerde mens – Johan van Wyk**

jy is ’n mens 'n verweerde mens
die wind van armoede waai teen jou keel
jou oë is geel agter jou bril onmens
jou hande is knopperig jou hare is vetterige kwasstrepe

jy is 'n mens soos alle mense
jou probleme is hulle probleme;
armoede werkloosheid eensaamheid
jy is 'n mens 'n verweerde mens

dubbelsinnigste mens geskelde skellende mens
ek-mens geskape mens mens gesmyt
in hoek van verwyt

staan op lamsak
staan op speroë staan op hand
in die Groot hand, tel op die sak. jy.

[Uit*: Deur die oog van die luiperd*]

6.1 Watter verskil sou dit aan die leser maak indien die verteller **jy** is ’n verweerde mens na hy is ‘n verweerde mens verander het? (2)

6.2 Waarna kan die begrip “verweerde mens” moontlik verwys? (1)

6.3 In die gedig kom net een hoofletter voor.

6.3.1 Hoekom gebruik die digter nie meer hoofletters nie? (1)
6.3.2 Waarom word die woord *Groot* (r. 14) wel met ’n hoofletter geskryf? (1)

6.4 Hoe kan jy (die leser) die geel oog van die verweerde mens (reël 3) in verband met die bundeltitel bring? (2)

6.5 Hoekom word daar in reël 9 in die oortreffende trap na die mens as die “dubbelsinnigste mens” verwys? (1)

6.6 Hoe verskil die trant van die eerste tersine met dié van die tweede tersine? (2)

**[10]**

**TOTAAL: [30]**

## AFDELING B: ROMAN

**Beantwoord EEN vraag.**

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Die liefdesverhaal as genre word in die Kwart-voor-sewe-lelie geïroniseer. Skryf ‘n goedgestruktureerde opstel van 400 – 450 woorde waarin jy aan die hand van die volgende Baker se aanwending van ironie bespreek:

- wat onder die begrip ironie verstaan word
- die algemene vereistes van die liefdesgenre
- die ironiese toepassing van hierdie vereistes op Die kwart-voor-sewe-lelie. **[25]**

OF

### VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Lees die onderstaande teks aandagtig deur en beantwoord die vrae.

Maar van meer belang was my onmiddellike toekoms. Die enkel sou my beweging beperk. Ek sou nie verder kon toer nie. Ek sou beperk word tot krukke en afhanklik wees van Peter of iemand anders wat geduldig genoeg sou wees.

“Met wie is jy nou besig? het die Engel gevra.

“Ek dag jy kan gedagtes lees? Met myself natuurlik. Die ander kon ek in ’n paragraaf of ’n paar sinne afmaak; ek self is meer gekompliseer.”

“Ja,” het hy saamgestem.

“Ek word daartoe gedwing,” het ek geprotesteer. “Ek is ’n student van homo sapiens. As ek rotte kon gebruik, het ek seker. Jy kan hulle in koue aanhou en soveel keer per dag verby die hokke loop en aantekeninge maak aangaande hulle gedrag. Ek kan nie dieselfde met mense doen nie. Ek kan ook nie marmotte in plaas van rotte gebruik nie. Marmotte dreig nie om gif te drink nie. Rotte maak nie hulle beddens nat omdat hulle nie wil hê hulle pa moet met Bettie trou nie. En die enigste eksemplaar in gevangenskap, kan jy maar sê. Is ek self. Ek is te alle tye beskikbaar en gewillig om mee te doen, om ontleed te word.”

“Ek het niks gesê nie,” het die Engel gesê.

“Maar ek moes my motiewe verduidelik.”

“Waarom?”

"Wel omdat ek bang is jy dink ..."
"Dink wat?"

********************************************************

Ek het my probeer voorstel hoe dit sou wees as ek en Peter trou. Hy wou damme bou en ek sou moes saam. Van een karavaan na die volgende. Of 'n houthuis op stelte, die soort wat vinnig afgebreek, opgevou en verpak kan word wanneer 'n projek voltooi was. Peter wou kinders hê en seker gou ook. Ek het my probeer voorstel hoe dit sou wees as ek met my boep op die trappe van die houthuis sit, omgewe van stof en die geraas van swaar vragmotors, betonmengers en stootskrapers.

Saans sou hy huis toe kom, sy gesig rooi van die grond, sy hare besweet en platgedruk deur die pet wat hy heeldag sou dra. Hy sou my soen en gaan bad. Na ons geëet het, sou ons gemoedelik voor die televisie sit met sy hand op my maag sodat hy die erfgenaam kon voel skop. Die geboorte sou 'n dolle gejaag oor slegte plaaspaaie wees na die naaste dorp, waar die vroedvrou ons sou inwag. Maar Peter sou heeltyd by my bly, aan moedigend en liefdevol. Hy was nie die soort wat sou flou word nie. Ek sou, maar nie hy nie. Hy sou vir my rose bring (as daar rose op die vlakte beskikbaar is) en vir my vertel dat hy trots was op my.

Metterjare sou die houthuis vol kinders wees. Die seuns sou saam met hom rondry om die vordering van die dam te monitor en die meisies sou by my bly sodat ek hulle kon leer handwerk doen of klavier speel.

8.1 Wat is die tema van die roman ? (1)

8.2 Is die tema universeel ? (1)

8.3 Wie is die fokalisator in die roman ? (1)

8.4 Hoekom kan ons sê dat die verteller in bogenoemde uittreksel, subjektief is ? (1)

8.5 Iris het geglo dat sy eendag gaan blom. Watter gevolge het dié "blomtyd" vir Iris ingehou ? (3)

8.6 Hoekom weier Iris die modelkontrak in New York ? (1)

8.7 Tot watter belangrike insigte bring die Engel vir Iris tydens hulle gesprek in die hospitaal ? (1)

8.8 In watter opsigte verskil Peter en Iris? Noem drie aspekte. (3)

8.9 Evalueer die ironisering van die sosiale konvensie waar moeders hul dogters leer handwerk doen en klavier speel. (2)

8.10 Tot watter insigte bring die Engel vir Iris ten opsigte van:

8.10.1 verantwoordelikheid (1)
8.10.2 verbeelding en werklikheid (1)

8.11 Wat was Peter se invloed op Iris se fantasiewêreld ? (2)

8.12 Watter invloed het Iris se susters se sienings op haar, as die jonger suster ? (3)

8.13 Om watter redes sou ons kon sê dat Iris haar nie juis aan die kwessie van die rasse-problematiek in Suid-Afrika steur nie? (2)

8.14 Hoe sluit die aspek hierbo by Iris se karakter aan? (2)

**[25]**

**VRAAG 9: OPSTELVRAAG**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** - Pieter Pieterse

Die godsdienstema is van vroeg af in die roman aanwesig. In hierdie verband het Baas ’n voortdurende stryd om die vraag oor wat Christenskap beteken. Skryf ‘n goedgestruktureerde opstel van 400 – 450 woorde waarin jy dié stryd bespreek deur na die volgende te verwys:

- Baas se aanvanklike ingesteldheid rondom Christenskap – van sy kinderdae tot hy hom by die Zambezi vestig.
- Die volgende karakters se siening oor God / Christenskap:
    - Ouma Essie.
    - Griessel.
    - Grace.
- Baas se uiteindelike verandering t.o.v. Christenskap. [25]

OF

**VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** - Pieter Pieterse

Lees die onderstaande teks aandagtig deur en beantwoord die vrae.

> Mark moet ook nog, as deel van hulle ooreenkoms, die boot met die vragmotor se hyskraan op ’n paalstellasie lig vir die herstelwerk aan die romp. Baas dring daarop aan dat die boot op ’n veilige hoogte bo die water moet lê.
> “Net vir ingeval die werk aan die romp teen die volgende reënseisoen nog nie klaar is nie, en ons ’n fratsvloed kry.”
> Maar teen daardie tyd dryf sy boot al veilig aan sy anker op die Zambezi. Dis al wat hy te doen sal hê. Hy kan elke dag sy volle aandag aan die herstelwerk gee.
> Wat die materiaal om die werk af te handel presies gaan kos, weet hy nog nie, maar daaroor bekommer hy hom min. Dié wêreld is vol opsies – soos buffels jag ás sy geld skraps raak.

10.1 Baas se groot droom het rondom sy boot gedraai. Waarom wou hy ’n pontboot bou? (2)

10.2 Die verhaal speel af teen die ruimte van die Zambezirivier (reël 6). Verduidelik watter rol die Zamberivier in Baas se lewe gespeel het. (2)

10.3 Lees weer reëls 6-7. Hiervolgens het Baas beplan om al sy aandag by die herstelwerk te bepaal. Hy sou dus nie by die gemeenskap betrokke raak nie.

10.3.1 Motiveer hierdie aanvanklike voorneme van Baas as jy aan sy familie-geskiedenis dink. (1)

10.3.2 Dink jy dat, indien Baas wél by sy voorneme gebly het, die gemeenskap hom sou aanvaar? Motiveer jou antwoord. (2)

10.4 Lees weer reëls 8-10.

10.4.1 Noem nog een so ‘n “ander opsie” waaraan Baas dink wat hy kan oorweeg as sy geld opraak. (1)

10.4.2 Baas kom wel later in die situasie dat sy geld opraak. Waardeur is dit veroorsaak? (1)

10.4.3 Baas raak aggressief oor die situasie waarin hy verkeer, nl. dat sy geld opraak. So was daar op ’n stadium konflik tussen hom en Grace hieroor. Waarom, dink jy, tree hy so op? (2)

“Luister jy nie as ’n mens met jou praat nie?”

“Noem gerus my naam. En moenie ontsteld raak nie. Grace sê dit is nie goed vir iemand wat by die dood omgedraai het nie.”

Baas leun verder vorentoe, die Mauser styf teen sy lyf gedruk. “Ek kom goed klaar sonder geselskap,” sê hy weer.

“Jy kan maar my naam sê, Baas. Nanna.” Sy draai na hom toe. “Sê my, is jy regtig ’n Christen?”

Wat maak van ’n mens ’n Christen?”

”Geloof, natuurlik.”

“Is jy ’n Christen?” Baas se oë bly op die pad.

“Ja. Lyk dit nie vir jou so nie?: Die kuiltjie in haar wang is weg.

“En jou man?”

10.5.1 Watter karaktertrek van Baas blyk uit bg. uittreksel? (1)

10.5.2 Op watter manier het bg. karakterisering plaasgevind? (1)

10.6 Baas worstel deurgaans met die vraag oor Christenskap.

10.6.1 Wie was sommer vroeg oortuig van die feit dat Baas ’n Christen is? (1)

10.6.2 Baas se woorde en optrede t.o.v. sy Christenskap weerspreek mekaar. Hoe so? (2)

10.6.3 By watter deel van die roman se tema kan jou antwoord hierbo aansluit? (2)

10.6.4 Volgens Nanna maak geloof van ’n mens ’n Christen (reël 8). Wat was Grace se antwoord op Baas se vraag wat van jou ’n Christen maak? (2)

10.7 Lees weer reël 12.

10.7.1 Wie is Nanna se man? (Wees volledig in jou antwoord.) (1)

10.7.2 Op Baas se vraag in reël 12 of Nanna se man ‘n Christen is, is ’n moontlike antwoord “Nee”. Gee ’n voorbeeld uit die boek waar Nanna se man se optrede bg. antwoord bevestig. (1)

10.8. Is Baas ’n ronde of ’n plat karakter? Motiveer volledig. (3)

**[25]**

## VRAAG 11: OPSTELVRAAG

***VATMAAR* - AHM Scholtz**

"Optelgoed is hougoed" is een van die sentrale temas in AHM Scholtz se roman "Vatmaar". Skryf 'n goedgestruktureerde opstel van 400 – 450 waarin jy dié tema bespreek. Verwys in jou bespreking na die volgende:

- hoe hierdie tema betrekking het op die oorsprong van die nedersetting Vatmaar
- die manier waarop die inwoners hulle besittings/besitreg bekom het
- hoe die inwoners van Vatmaar en Du Toitspan se siening oor "vatmaar-goed" ooreenstem of verskil. **[25]**

OF

## VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

***VATMAAR* - AHM Scholtz**

Lees die onderstaande teks aandagtig deur en beantwoord die vrae.

> Onse blyplek was ’n nedersettinkie met die naam Vatmaar, so vier myl van Du Toitspan af, ’n dorp met waterkrane in die huise en ligte wat jy kon aansteek deur ’n knoppie te druk. Daar was hoë pale in Du Toitspan met dun drade oor dwarsbalkies gespan wat onse slimmer maats telefoondrade genoem het. Nie een van ons in Vatmaar het al ooit vantevore ’n telefoon gesien nie. Onse gemiddelde ouderdom was so twaalf jaar.

12.1. Watter soort verteller is hier aan die woord? (1)

12.2. Motiveer jou antwoord in Vraag 1.1. (1)

12.3. Hoe weet jy dat die verhaal vanuit ’n agternaperspektief vertel word? Bespreek. (2)

12.4. Verduidelik vanuit watter persoonlike perspektief die verteller hier vertel. Haal ’n sin uit die teks aan om jou antwoord te staaf. (2)

12.5. Is dit aanvaarbaar dat die verteller ’n woord soos "myl" gebruik in ’n teks wat in 1995 gepubliseer is? Motiveer jou antwoord. (2)

> Vatmaar was arm, en tog het ons nie armoede geken nie. Ek kan nie onthou dat ek ooit ’n swanger ongetroude meisie gesien het nie. Daar was meer kinders as grootmense. Oupas het altyd gesê: Ek kan nog altyd daai klein werkie doen. Sterfgevalle was ver uitmekaar maar elke nou en dan is daar ’n baba gebore. Niemand is dood aan kanker nie want dit was ’n rykmansiekte, maar teen witseerkeel het kinders nooit ’n kans gestaan nie. En daar was twee soorte tering: die vette en die mare. Onse kinders het oorgenoeg gebaklei, maar as onse ouers stry gekry het, het hulle vir mekaar gesê: Pas op, die bure hoor jou. Vatmaar se kinders het nooit van die Agste Gebod geweet nie, die een van Jy mag nie steel nie. Ons kon dit nooit weerstaan om ’n draai met anderman se bicycle te ry nie. En ons het dit geniet om rond te draf met ’n ou bicycle-wiel sonder speke of tjoep met ’n stokkie in die groef.

12.6. Benoem die stylfiguur wat in die eerste sin van hierdie aanhaling voorkom. (1)

12.7. Verduidelik wat die verteller bedoel met hierdie uitspraak deur te verwys na spesifieke voorbeelde van armoede en “rykdom” wat hy noem. (4)

12.8. Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord duidelik.

”Die feit dat Vatmaar se kinders nie die Agste Gebod geken het nie, beteken dat hulle almal diewe was.” (2)

> Die Corporal het vertel dat hy ’n meisie in Vryburg ontmoet het. Ruth was haar naam. Ek wou hom nie vra of sy wit of nie wit was nie. Toe vra ek maar wat is haar van. Hy het gesê hy dink nie sy het ’n van nie. Toe weet ek sy moet swart wees.
>
> Hoe oud is die meisie? vra ek.
>
> Hy het gesê so sewentien.
>
> Weet haar ouers van jou, Corporal? het ek gevra.
>
> Yes, they all like me but the old aunty said: If you really want her you must give bogadie (lobola) as you soldiers just make children by your women and then forget about them. And another thing is, you whiteface people’s children are not our own as you make them Coloureds, and help them turn against us.
>
> Charlie, het die Corporal vir my gesê, it is now four months since we were in Vryburg and I cannot get her out of my mind.
>
> Ek het regtig jammer gevoel vir hierdie Corporal Lewis want hy het uit sy hart uit gepraat.

12.9. Ruth se tante het Corporal Lewis voor twee voorwaardes gestel indien hy Ruth as vrou wou neem.

12.9.1. Noem die *geïmpliseerde* voorwaarde. (1)

12.9.2. Noem die *eksplisiete* voorwaarde. (1)

12.10. Verduidelik hoe Corporal Lewis se liefde vir Ruth aansluit by die tema “liefde sonder grense” in *Vatmaar*. (2)

12.11. In jou eie woorde, beskryf Corporal Lewis se ervaring van sy liefde vir Ruth. (1)

12.12. Watter karaktereienskap van Oom Chai blyk duidelik uit hierdie aanhaling? Vergelyk dit met hoe Oom Chai homself in die res van hierdie episode openbaar. (3)

12.13. Sou ’n mens Oom Chai as ’n plat of ronde karakter kon beskryf? Motiveer jou antwoord. (2)

**[25]**

## AFDELING C: DRAMA

**Beantwoord EEN vraag.**

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die dramateks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 13: OPSTELVRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Die karakters in *Krismis van Map Jacobs* is almal slagoffers van ‘n politieke bestel wat hulle bestaan ontwrig het en hulle in ‘n gemeenskap gedompel het waarin daar vir hulle geen uitkoms was nie. Skryf ‘n goedgestruktureerde opstel van 400 – 450 woorde waarin jy bg. stelling aan die hand van die volgende bespreek:

- die faktore wat aanleiding tot die groep se hervestiging en gevolglike moeilike omstandighede gegee het
- hoe dialoog en handeling van die volgende karakters die tema uitbeeld:
  - Map
  - Cavenelis
  - Maud
  - Cyril en Richie

**[25]**

### VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Lees die onderstaande teks deeglik deur en beantwoord dan die vrae**.**

***UITTREKSEL 1***

*Die straat, sonder die orkes. Daar is Cyril en Richie – hulle wat kerrim speel; twee, drie voetbalspelers; en so meer.*
**CYRIL:** Hê, ek siet vir Antie Grootmeisie vi’effe …
**RICHIE:** Ek ‘t ge-notice …
*Hulle speel.*
**RICHIE:** Sy’t seker weer vi’ hom ge-visit …
**CYRIL:** Ja …
**RICHIE:** Shit!

**CYRIL:** God, hy's lucky vir parole nou al!

*Hulle speel.*

**RICHIE:** Maar daa' was mos extenuating circumstances, daai tyd, jy wiet …

**CYRIL:** Ga!

**RICHIE:** Anyway, 'is seker oek nie ons biesagheit nie

**CYRIL:** Shit, hoe praat jy dan nou nes ou Tommy! (*Lag. Hulle speel hulle kerrim. Die kerrimskyfies is "kinders".)* Hê, my kinners darem weer stout vi'dag!

**RICHIE:** Stoot, jong, stoot!

*Hulle speel.*

**CYRIL:** Hê, die ou-lady het toe nooit weer eintlik gepraat nie, nè?

**RICHIE:** Ja! Sy loep ma' altyd so silent-silent …

*Hulle speel.*

**CYRIL:** Hulle sê sy's stom, ek mien, lat sy haar praat geverloor het daai selfde aand nog toe dit gebeur het … Sys ê glo net 'n woord hier en daar, ma' dis al …

**RICHIE:** 'Is hearty …

**CYRIL:** Ja.

*Hulle speel.*

**RICHIE:** Hê, my kinnertjies, kom dan nou, kom dan nou!

*Hulle speel.*

**RICHIE:** 'it was die shock van die ding, daai aand, sê hulle

14.1 Hoe probeer die dramaturg spanning skep in die eerste 5 tonele van die drama? (1)

14.2 Volgens Richie is daar "extenuating circumstances" wat 'n rol kan speel in Map se vroeë vrylating. Verduidelik wat die "circumstances" is. (noem 2 feite) (2)

14.3 Waarom dink jy speel Cyril en Richie altyd kerrim? (1)

14.4 Die twee karakters Cyril en Richie, het ons reeds vroeër in toneel 1 leer ken deur dit wat Maud van hulle sê. Hoe karakteriseer sy hulle? (2)

14.5 Watter kritiek spreek Willy La Guma uit oor Cyril, Richie en Tommy? (1)

14.6 Hoe word Map in die gedeelte as 'n positiewe karakter uitgebeeld? (1)

14.7 Wie is die politieke kommentator in die gemeenskap en waaroor lewer hy graag kommentaar? (2)

14.8 Die mense van die Kaapse Vlakte word ( in die drama) grootliks as warm, snaakse mense uitgebeeld. Tog is hierdie tipe lewensvreugde ook ironies. Verduidelik. (2)

14.9 Bespreek die funksionaliteit van die titel van die drama. (1)

***UITTREKSEL 2***

**CYRIL:** Sy's 'n nice tootsie, gehoor …
**RICHIE:** Miss Africa? Hê, moenie ideas kry nie, man. Sy's 'n social worker…
**CYRIL:** So what?! Sy's nog altyd 'n … jy wiet wiet mos wat oek!
**RICHIE:** Hê, moenie so praat nie, man!
**CYRIL:** Kry jy die vibes?
*Hulle lag. Speel.*
**TOMMY:** Skaam vir julle!
**CYRIL:** Aag, bugger off, Tommy, man, altyd so heilig, asof Jy nog nooit …
**TOMMY:** Wat? Wat?
*Cyril en Richie lag.*
**CYRIL:** Ou Tommy, soes `ie Ingilsman sê, you haven't got what it takes, man! Jy moet jou bangles! (*Lag brutaal.)*
**RICHIE:** Moenie gemien wies nie, ou swaer …
***TOMMY** is hard besig om sy ware op te vryf.*
*Cyril en Richie speel voort.*
*Dan verskyn Willy la Guma – soos altyd "jogging" of "skipping".*
**CYRIL:** Aggenee … Kyk wie`s hie' … Mister physical fitness himself …
**RICHIE:** A healthy mind in a healthy body, like! Jy wiet mos!
**CYRIL:** En al daai talk!
**RICHIE:** Cool it!
**CYRIL** *(sagter)*: So 'n kak … Altyd so slim … wiet alles, moet die blêdie rooi track suit aan!

14.10 Wat het Tommy Sebotker en Cavernelis in gemeen? (1)

14.11 In die spreektaal van die Kaapse bruinmense verwys 'n tootsie na 'n dame of 'n meisie.

Verskaf die Standaard Afrikaanse vorme vir die volgende woorde in die drama:

| | |
|---|---|
| 14.11.1 | moveer |
| 14.11.2 | posh |
| 14.11.3 | by hook or by crook |

(3)

14.12 Cyril en Richie dryf die spot met Tommy oor sy "trinkets" en "bangles". Om watter ander rede dryf hulle ook die spot met Tommy? (1)

14.13 Later in die gesprek verwys La Guma na Cyril en Richie as "so-called colourds". Waarom verwys hy nie net na hulle as "coloureds" of kleurlinge nie? (1)

14.14 Verskaf 'n kort karakterbeskrywing van Tommy Sebotker. (2)

14.15 Verduidelik wat daartoe aanleiding gegee het dat karakters soos Cyril en Richie, Cavernelis en Map in die uitsiglose omstandighede vasgevang is. (2)

14.16 Lewer kommentaar oor die funksionaliteit van die taalgebruik in die drama. (2)

**[25]**

**VRAAG 15: OPSTELVRAAG**

***MIS ( UIT TRITS)* – REZA DE WET**

Die dramaturg se aanwending van ruimte en tyd dra grootliks by tot die sukses van hierdie drama.

Skryf 'n goedgestruktureerde opstel van 400 – 450 woorde waarin jy bg. stelling aan die hand van die volgende bespreek:

- die binneruimte
- die buiteruimte
- die gespeelde ruimte as 'n plek van bevryding
- tyd **[25]**

OF

**VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG**

***MIS (UIT TRITS) – REZA DE WET***

Lees elkeen van die volgende uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

***UITTREKSEL 1***

**MIEM**: Gaan tel

**MEISIE**: *(gaan hurk by die hoop sakke en tel) ses*...tien...sewentien... twintig...vier-en-twintig...sewe-en-twintig.

**MIEM**: Ons moet dertig voor more hê. *(Sug, tel haar voet op en laat dit op 'n stoel rus)*

**MEISIE**: Ja,Ma. *(Gaan sit en begin weer werk)*

*Hulle werk in stilte*

**MEISIE**: Eina! *(Suig haar vinger)*

**MIEM**: Ja, jy wil mos nie 'n vingerhoed gebruik nie.

*MEISIE buig haar kop en werk verder. MIEM werk ook. Terwyl hulle werk, sak die tou stadig uit die valdeur tot ongeveer een meter bo die grond.*

**MIEM**: *(sien die tou raak)* Die mandjie is op die tafel.

*MEISIE staan ietwat onwillig op en bind die mandjie haastig aan die onderpunt van die tou vas.*

**MIEM**: Nie so vinnig nie! Maak dit ordentlik vas,

***UITTREKSEL 2***

**MIEM**: *(na 'n kort stilte)* Oor wat netnou gebeur het, Konstabel ... Ek wil net weer sê ek is jammer. Dit was werklik 'n misverstand. As daar enigiets is wat ek kan doen om te vergoed ...
**KONSTABEL**: Wel ... daar is 'n klein gunsie wat u my kan bewys.
**MIEM**: Seker, Konstabel. Alte graag, Konstabel. Wat is hierdie gunsie?
**KONSTABEL**: Soos ek gesê het, het ek duidelike beelde van ouer dames...maar ek weet glad nie hoe jonger dames lyk nie. Ek sou baie graag die jong dame wou sien.
**GERTIE**: Hoe bedoel u "sien"?
**KONSTABEL**: *(glimlag en beweeg sy vingers soos voelers)* Met my vingers, Juffrou. Met my vingers.
**GERTIE**: O!
**KONSTABEL**: Dan sal ek 'n vae beeld kan vorm.
**MIEM**: Maar natuurlik, Konstabel. Met graagte. Meisie, sê vir die konstabel dit sal 'n plesier wees.
*Meisie sê niks.*
**KONSTABEL**: Natuurlik, as die jong dame nie wil nie ...
**MIEM**: Ag,nee wat, sy is maar net skaam. Is dit nie so nie, Meisie? *(Dreigend)* Is dit nie so nie?
**MEISIE**: *(sag)* Ja, Ma.
**KONSTABEL**: Goed ,so, Juffrou, as u miskein hier voor my kom staan ...

*MEISIE loop stadig na die KONSTABEL en staan voor hom*

**KONSTABEL**: *(steek sy hand uit en raak aan haar)* Goed so. Kniel nou. Hier. Reg voor my.

*MIEM en GERTIE hou die KONSTABEL dop en MEISIE roerloos dop. MEISIE kniel stadig. Die KONSTABEL steek sy hand uit en streel oor haar hare. MEISIE maak haar oë toe en gooi haar kop effens agteroor.*

16.1 Waarmee is Miem en Meisie besig met die openingstoneel van die drama? (2)

16.2 Waarom is dit nodig dat hierdie taak voor die volgende oggend voltooi moet wees? (1)

16.3 Watter buiteruimte word in die eerste uittreksel gesuggereer? Haal 'n FRASE uit die eerste teks aan om jou antwoord te bewys. (2)

16.4 Wie laat sak die tou deur die valdeur en hoekom? (2)

16.5 Wat kan jy aflei oor Miem se verhouding met Meisie as jy na Miem se woorde in die eerste uittreksel kyk? (2)

16.6 Aan die begin van die drama maak die neweteks voortdurend melding van ‘n “huilwind” wat buite waai.

Lewer kommentaar oor dié herhalende motief in die drama. (3)

16.7 Verduidelik hoe die konflik wat daar tussen Miem en Meisie bestaan by die tema van die drama aamsluit. (3)

16.8 Na watter “misverstand” verwys Miem in uittreksel 2? (2)

16.9 Die  die konstabel se optrede en woorde in sy laaste spreekbeurt in uittreksel is baie funskioneel. (1)

16.9.1 Waaraan laat die Konstabel se optrede in reël 23 die leser dink? (1)
16.9.2 Hoe sluit bogenoemde optrede by die titel van die drama aan? (1)

16.10 Haal ‘n sin uit die neweteks in uittreksel 2 aan wat daarop dui dat Meisie die Konstabel se aandag geniet. (1)

16.11 Verduidelik die dramatiese ironie in die volgende aanhaling:

**MIEM**:  En dankie vir u hulp, Konstabel. Sonder u sou ons nie ‘n oog kon toemaak nie. (2)

16.12 Verduidelik kortliks die ooreenkoms tussen Meisie en ‘n bekende sprokies-karakter. (2)

16.13 Noem een van die ondersteunende temas wat die hooftema van bevryding in hierdie drama ondersteun. (1)

**[25]**

**GROOTTOTAAL: 80**